



Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) in die Paarl is tans onder die loep weens ’n ministeriële opdrag dat die instelling se naam verander moet word. Direkteur **Michael Jonas** en raadsvoorsitter **Jean Meiring** gee hier ’n oorsig oor die ATM se volgehoue inklusiewe pogings om alle variëteite van Afrikaans asook veeltaligheid, nasiebou en maatskaplike samehorigheid te bevorder.

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument toring uit in pogings tot nasiebou

Die ATM lewe reeds langer in ’n demokratiese Suid-Afrikaanse bestel as wat dit onder apartheid deurgebring het. Hoewel die instelling reeds baie jare dramaties anders daar uitsien as in haar prille jeug, is die onkunde en mistastings oor die ATM, selfs onder ondersteuners, opmerklik. Reaksies onlangs op die minister van sport, kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, se aanbeveling dat die instelling se naam verander moet word, het dit weer op die lappe gebring. Dit wil voorkom dat mense vergeet wat die woord “Afrikaans” beteken, naamlik *van, betreffende, behorende tot Afrika*, volgens die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Op sigself is die taal se naam dus ’n inklusiewe erkenning van en ’n eerbetoon aan hierdie kontinent en haar mense, die bakermat waarin die taal Afrikaans sedert die 1500’s in ’n sonderlinge proses van kreolisering, met invloede van oraloer, ontstaan het. Dis juis daardie geskiedkundige proses – wat in die stof en son van Afrika gebeur het – wat die ATM vier.

Eers moet ons vlugtig by die monument se by tye omstrede ontstaan stilstaan. Die projek was ’n private inisiatief wat voor apartheid van stapel gegaan het en uiteindelik tot die monument se inwyding, in 1975, gelei het. Ná twee jaar se selfbestuur, is die beheer en befondsing van die ATM in 1977 aan die staat oorgedra, iets wat vandag steeds die geval is. Die departement van openbare werke besit en onderhou die grond; die departement van sport, kuns en kultuur is grootliks vir die dag-tot-dag bedryf daarvan verantwoordelik. Verdere, en absoluut noodsaaklike, fondse word deur hekgeld, jaarpermitte en geleenthede bekom.

Destyds is dit duidelik aan die argitek gemaak dat die monument ontwerp moes word ter ere van ál die bevolkingsgroepe wat deel in en belang by die ontwikkeling van Afrikaans gehad het. Vandaar dan dat dit erkenning aan Afrikaans se Europese, Suidoos-Asiatiese en Afrika-wortels gee. Die regime van toe het die monument se opening probeer kaap: dit was vir hulle in ’n groot mate ’n wit Afrikanernasionaliste viering, ondanks luide besware uit die geledere van Afrikaanse skrywers. Tog was dit ’n veelrassige inwyding, met onder meer ’n Afrikaanse gedig van Adam Small, getiteld “Nkosi sikelel’ iAfrika”, wat voorgelees is. Gegewe dat “God seën Afrika” destyds die nie-amptelike volkslied van die verbode anti-apartheidsbewegings was, was dit nogal ’n gewaagde stuk programmering. Ook is daar nooit enige segregasie by die museum of monument toegepas nie, hoewel die oorspronklike personeelkorps en raad (in teenstelling met die afgelope drie dekades) toentertyd nie die demografie van Afrikaanses weerspieël het nie. Mens kan jou wel indink dat die leeuedeel Suid-Afrikaners toe ook nie juis tuis gevoel het by die ATM nie.

Maar dit was tóé. In 1994 is nie net die land bevry nie, maar ook Afrikaans. Selfs voor dit het die ATM se bestuur hard gewerk om negatiewe persepsies van die taal teen te werk, en dit het post-1994 verdere stukrag gekry. Vandag is die ATM se visie om ’n dinamiese en inklusiewe instelling te wees wat die talige kaleidoskoop van Afrikaans, binne die raamwerk van ’n multikulturele samelewing, op te teken en te vier. Dit behels onder meer om ’n omgewing te skep waar rolspelers uit al die uithoeke van Afrikaans met mekaar in gesprek tree – om maatskaplike samehorigheid te bewerkstellig, om uit

te reik na ander taalgemeenskappe en instellings deur opvoedkundige programme en kulturele aktiwiteite, om miskende geskiedenis van Afrikaans na te vors, en om 'n verskerpte fokus op Afrika-kennisleerstelsels te plaas as deel van 'n groter dekolonialiseringsproses.

In die praktyk beteken dit dat ons 'n verskeidenheid geleenthede aanbied wat 'n wye gehoor, ook nie-moedertaalsprekers, lok; dat ons uitreik na veral gestremdes, plattelandse skole en die plaaslike gemeenskap met gratis vervoer, toegang, borgskappe en geletterdheidsprojekte en; dat ons die land se nasionale dae met bemagtigende programme herdenk. Sover moontlik bied ons inligting oor die instelling en Afrikaans in drie tale – Afrikaans, isiXhosa en Engels – aan (en ook in Braille), en doen ons navorsing oor onder meer Gariëp-, Khoekhoen-, Maleis- en Arabies-Afrikaans asook Kaaps, om sodoende skerper aandag aan hierdie boustene van die taal te skenk.

Ons vier ook die wedersydse invloede van Afrikaans (Suid-Afrika en Namibië se mees veelrassige moedertaal) en ander Afrikatale op mekaar. Vandeesmaand vier die ATM byvoorbeeld Afrikamaand; Op ons sosiale mediablaai plaas ons, soos in vorige jare, daaglik brokkies inligting van elders op hierdie kontinent, waarvan die ATM en Afrikaans onlosmaaklik deel is. Die gevolg hiervan is onder meer dat voorheen gemarginaliseerde Afrikaanses begin het om ook hul taal en die monument op te eis. Woon enige van ons lewendige paneelbesprekings of poësie- en rymkletswerkswinkels by, en sien hoe jong Afrikaanses vanuit alle oorde met die taal toor.

Dis voorwaar 'n lewende monument. Daar is daar 'n buitluggalery wat ruimte aan veral opkomende skrywers bied, speelparke en buitlugspeletjies vir kinders en daar vind sportgeleenthede, kersfeesvierings en koorfeeste plaas, en gaste is al met vuurtoertjies, meditasieklasse, hiphop, riel, Xhosa-danse en balletopvoerings vermaak. Die afgelope jare het onder andere die kunstenaars Lungi, Ramon Alexander, Nosipho H, Chadleigh Gogar, Diana Ferrus, Christine Bam, Ernestine Stuurman, Jitsvinger, Marvin Kernelle, Jak de Priester, Early B, Adam, Leah, Karen Kortje, Heuwels Fantasties, Marco Mentoor, The Rockets, Zebulon, Sipheshile Mdena, Elvis Blue, Black Pearl, Hemelbesem, Luvo Rasemeni, Jaloersbokkies en Elias P Nel by die Taalmonument opgetree. Daar was boekbekendstellings deur onder andere Pedro Gordon en Wannie Carstens, en eersdaags word Paarliet Kirby van der Merwe se roman *Eugene* bekendgestel. Die ATM se program is voortdurend daarop ingestel om mense wat andersins nie noodwendig die ATM sou besoek nie, te lok om hierdie unieke beeldhouwerk – wat onlangs as die agterdoek in futuristiese internasionale TV-reeke en rolprente verskyn het – te ervaar en te geniet. Sonder uitsondering is hulle en die kunstenaars beïndruk met die plek, met die mense en uiteindelik ook met Afrikaans.

Ook reik die ATM nasionaal en internasionaal uit deur 'n groeiende aanlynteenwoordigheid en deur geleenthede saam met ander museums in die land te bied. Ons Neville Alexander-prestige pryse (vernoem na dié aktivis) vereer die onbesonge helde en heldinne wat Afrikaans op grondvlak bevorder deur kontantpryse vir hul projekte toe te ken. Vorige wenners sluit onder andere Suzie Matlhola, Sabina Dumas, Susan Smith, Elizabeth Dennise van Schalkwyk en Woorde Open Wêreld in. Onlangse projekte het onder meer die Afrikaans- en isiXhosaspreekende bouers van die monument vereer en lewenslange gratis toegang aan hul geskenk.

Die raad en personeel bestuur die ATM op gesonde finansiële en administratiewe beginsels wat die instelling help vestig as 'n leidende en gerekende rolspeler in die erfenissektor – ons jaarverslae wat deur die parlement aanvaar word, is op ons webtuiste ter wille van deursigtigheid. Nie net beskerm ons Afrikaans se diverse taalerfenis, kultuurhistoriese geboue en erfenisterreine nie, maar bevorder ons ook omgewingsbewaring sodat ons hierdie kleinood in totaliteit aan die nageslag kan oordra. Deel daarvan behels die digitalisering van unieke Afrikaanse geskrifte, ook in Arabies-Afrikaans. Om die ideale te verwesenlik en om die ATM in staat te stel om aan te pas by die eise van die tyd en in

die behoeftes van sy diverse gehore te kan voorsien, is dit van kardinale belang dat die instelling belê in infrastruktuur en die bemagtiging van die werkerskorps.

Die vrugte van al die bogenoemde spreek vanself: van besoeke en baie positiewe opmerkings deur verskillende bevolkingsgroepe – plaaslike en internasionaal – tot die feit dat mens deesdae omtrent geen afbrekende kritiek op die ATM, op byvoorbeeld die internet, raaklees nie. Net vanjaar nog is pluimpies vir die instelling op www.netwerk24.com uitgedeel. 'n Voorbeeld van nog só 'n pluimpie is hierdie brief van Mariana Kuphiso ná 'n besoek as deel van Moedertaalmaand om 'n positiewe ingesteldheid rakende moedertale en veeltaligheid te help kweek:

“Herewith the principal and the staff as well as the learners, especially the grade 6 classes, of Nieuwe Drift Primary would like to show our gratitude towards the fruitful educational session you and your staff had with our learners. The learners learned so much about the Afrikaans language, but most of all our Afrikaans speaking learners learn how to interact with their fellow learners, who's home language is not Afrikaans. We as teachers were so excited to hear the Shona (Zimbabwe) and isiXhosa speaking learners read and pronounced the Afrikaans words that you discussed during the session. For the first time I heard our English class learners try to speak Afrikaans. That was really amazing. With sessions like these we can keep Afrikaans alive. Thank you so much.”

Een van die grootste kwessies waarmee die ATM oor die volgende vyf jaar gekonfronteer sal word, is die impak wat die aanbevelings in die voorgestelde witskrif vir kuns, kultuur en erfenis en nasionale museumbeleid op die werksaamhede van die instelling mag hê. Die voorgestelde witskrif fokus grootliks op die transformasie, herstrukturering van die erfenislandskap, effektiewe bestuur en lewering van dienste aan voorheen benadeelde gemeenskappe binne die genoemde sektore. Weens ons afhanklikheid van staatsbefondsing wat nagenoeg 70% van die begroting beloop, word daar van dié publieke entiteit verwag om uiting te gee aan die nasionale imperatiewe en strategiese doelwitte soos uiteengesit in hoofstuk 15 van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030.

Dié tipe uitdagings en die vooruitsigte om 'n diverse Suid-Afrikaanse landskap te kan bedien, versterk egter ons verbintenis om die visie en missie van die ATM te vervul – ons beskou die Afrikaanse Taalmonument as 'n inklusiewe baken van hoop vir die ontwikkeling en waardering van alle Afrikatale.

- Sien die veeltalige taalmuseum.co.za vir meer oor die instelling, navorsingmateriaal, hul missie en eersdaagse geleenthede.